203 kan u maar oorslaan, en dan gaan ons na 204 toe? Ek weet nie of u kennis dra daarvan nie? Nee, dan gaan ons na 209?---Ja, ek het die oorspronklike dokument hier wat ek te Liliesleaf plaas te Rivonia gevind het. Dit is getitel "A Statement by the Central Committee of the South African Communist Party".

En 210?---Ek het die oorspronklike hier voor my 20 van die dokument getitel "Speakers notes: A Brief course on the training of Organisers". Hierdie dokument - ek het hiervan 200 afskrifte gevind.

By Rivonia?---Te Rivonia.

En nou, die arrestasies.. het u gesê die klopjag is uitgevoer op 11 Julie 1963?---Dit is so.

En het u die arrestasies van mense gedoen daar op daardie datum?---Ja, daar was 'n hele paar persone in hegtenis geneem - persone wat aan my bekend was vir 'n hele paar jaar, Edelagbare.

En het die saak geduur tot Junie 1964?---Ja, die vonnis was op die 12de Junie 1964.

Nou, het u ooit in die loop van u ondersoek te hore gekom van dade van sabotasie gedurende daardie tydperk? ---Die enigste geval wat onder my aandag gekom het was op die 18de van Desember 1963; dit was die Waterkloof poskantoor hier in Pretoria gewees, wat 'n aanslag op gemaak is.

En was daar enige dade van sabotasie na die uitspraak in die Rivonia saak?---Daar was, Edelagbare. Die eerste het plaasgevind op die 14de Junie en dit was in die 10 Vrededorp Poskantoor.

1964?---1964, en daar was ongeveer 12 aanslae tot die periode 1ste Oktober 1964. Die meeste van hierdie aanslae was in die Bantoe gebiede, in die Suid-Westelike dorpsgebiede van Johannesburg.

Ek sien die "Operation Mayebuya" - dokument 187 - is 'n persoon met die naam van Brihi(?) - ken u die persoon?---Ja, ek ken hom. Hy was 'n beskuldigde in 'n saak wat ek ook ondersoek het in 1964. Dit was Wilton Mkwayi.

En dan weet u of die beskuldigde betrokke was 20 in die verdediging van die Rivoniasaak?---Die beskuldigde was die leier van die span. Die Verdedigingspan.

MNR. LIEBENBERG: Geen verdere vrae.

MR. KENTRIDGE addresses the Court and wishes to know whether the only documents being handed in are those that the witness found at Rivonia.

My learned friend tells me that that is Correct, my lord.

In that case, my lord, it .. I have NO QUESTIONS.

(Die getuie word verskoon van verdere bywoning).

Die Staat roep Luitenant van Rensburg op bladsy 8 van v.o.). 30

RUDOLF ADRIAAN VAN RENSBURG (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. LIEBENBERG:

U is 'n Luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidspersoneel?---Dit is korrek.

Op die 11de November 1965 was u verbonde of besig met uitkenningsdienste in Cortlettlaan Bramley, Johannesburg? ---Dit is korrek.

Naby watter huis?---315 Cortlettlaan rylaan.

En wat het gebeur daarso om treeks sesuur die aand? ---Omstreeks 6 n.m. het 'n Volkswagenkar T.J. 136212 wat 10 bestuur was deur 'n Blanke persoon die perseël verlaat, en gery in die rigting van Oaklands, Johannesburg. Ons het die kar agtervolg tot op die hoek van Bauman en Stellastrate waar die kar tot stilstand gebring is, Edelaagbare. 'n Blanke persoon was die bestuurder van die kar. Ek het my identiteit aan hom bekend gemaak en hom meegedeel dat hy die vermiste Abram Fischer is, Edelaagbare. Die persoon het my meegedeel dat ek 'n fout maak en dat hy Douglas Black is. Ek het hom egter meegedeel dat ek seker is wie hy is en ek het hom meegedeel dat ons reeds op verskeie geleenthede persone gearresteer het aangesien vir Abram Fischer en later ons fout uitgevind het. Ek het die persoon deursoek en beslag gelê op 'n dokument wat ek in sy linkerbroeksak gevind het.

Is dit A.F. 4?---Dit is korrek, Edelaagbare.

A.F. 4 - is dit...?---Dit is 'n sleutel tot 'n kode. 'n Brief, Edelaagbare.

En het jy enigiets gesien van belang in die kar? ---In die kattedak van die kar, Edelaagbare, was 'n tikmasjien en 'n bruin koevert, met ander koeverte binne in, Edelaagbare.

Is daar ander lede.. het daar toe ander lede van die polisie gekom?---Ek het toe Kaptein Broodryk per radio verwittig, en hy het na die toneel gekom en die beskuldigde was aan hom oorhandig.

MNR. LIEBENBERG: Dit is al - geen verdere vrae.

MNR. KENTRIDGE: Geen vrae.

JOHANNES CHRISTOFFEL BROODRYK (Verklaar onder eed):

VERHOOR DEUR MNR. LIEBENBERG:

U is 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse polisie verbonde aan die veiligheidspersoneel?---Dit is korrek.

En beskuldigde was gearresteer op 23 September 1964? ---Dit is korrek, in sy kantoor te Innes Chambers, Pritchardstraat, Johannesburg.

En hy was uitgelaat op borg op die 25ste September 1964?---Ja, op R10,000.00 Edelagbare.

En sy verhoor, saam met 13 ander, het begin op die 16de November 1964?---Dit is korrek.

In die Streekshof, Johannesburg?---Dit is so.

En het hy sy verhoor bygewoon pal, sal ons sê, tot die 22ste Januarie 1965?---Dit is korrek, Edelagbare.

Dit was 'n Vrydag gewees?---Dit was 'n Vrydag.

En op die Maandag, die 25ste Januarie, het hy opgedaag by die Hof?---Die beskuldigde het toe nie sy verhoor bygewoon nie, Edelagbare.

Nou, was daar pogings aangewend.. o, ja, sê net eers vir my, op die 25ste Januarie 1965, was daar 'n brief voor die Hof gelê deur sy regsvertegenwoordiger, Adv. Hanson?--- Ja, Edelagbare. Dit is bewysstuk "54", wat by die Hof ingehandig was by die voorlopige ondersoek, deur Adv. Hanson.

En die brief was uitgelees?---Die brief was in die streekshof uitgelees.

En volgens daardie brief blyk dit toe dat hy van plan was om sy bedrywighede voort te sit?---Dit is so.

My learned friend says we can take it as read, my lord. Het u toe pogings aangewend om die beskuldigde op te spoor?---Ja, Edelagbare. Van daardie tydstip af was na hom gesoek gewees, landswyd, dag en nag, maar ons kon die beskuldigde nie opspoor nie.

Hy is gearresteer weer op die 11de November?--- 10  
Die 11de November verlede jaar was die beskuldigde gearresteer weer, Edele.

En was daar 'n voortdurende poging op tou gesit om hom op te spoor?---Daar was landswyd na hom gesoek, Edelagbare.

Wat sal u sê omtrent die tyd wat in beslag gelê is met die soektog?---Ons het, soos ek gesê het, dag en nag na hom gesoek, selfs die grensposte was in kennis gestel, en daar was selfs op die grense gepatrolleer. Die Staat het baie onkoste gehad, en as gevolg van hierdie landsweye ondersoek 20  
wat ingestel was na sy bedrywigheid, aangesien ons bewus was dat hy met sy bedrywighede sou voortgegaan het, wou ons hom so gou as moontlik weer gearresteer het.

Het u enige leidrade gekry?---Ja, Edelagbare, daar was inligting wat die publiek aan ons gegee het, asook ander leidrade. Baie van hierdie was soms ongegrond gewees en so aan.

En moes u hulle opvolg?---Ons het elke bietjie inligting wat ons gekry het, het ons opgevolg, Edelagbare.

En was die publiek geaffekteer in die proses van 30

ondersoek?---Ja, daar was 'n beloning vir die inhagtenisneming van die beskuldigde uitgereik, en hulle het ons ook daagliks verwittig van sekere persone wie hulle vermoed het nou Bram Fischer sou wees.

En sê nou - die kwessie van, volgens die brief het dit nou geblyk asof die beskuldigde sou voortgaan met bedrywighede. Het u 'n belang gehad in die voorkoming van misdaad?---Ja, die polisie het 'n belang daarin gehad, aangesien hy dit duidelik in sy brief gestel het dat hy sou voortgaan met sy bedrywighede. Die reputasie van die polisie self was 10 op die spel gewees en ons wou voorkom het dat enige verdere misdade gepleeg word.

Nou, na die 11de November het dit geblyk dat daar gelde geplaas was by instansies in jou kennis in Johannesburg, banke, en bougenootskappe?---Dit is so. Met die ondersoek het ons.. nadat die beskuldigde weer gearresteer was.. het rekenings by Banke en Bougenootskappe ons agtergekom dat hy verskeie/gehad het.

As u nou sou geweet het dat daardie gelde moontlik kon gebruik gewees het - moontlik behoort dit aan die Kommunisteparty, of kon gebruik geword het vir die aktiwiteite 20 van die Party, sou u enige stappe gedoen het, of oorweeg het? ---Ja, ek sou. Ek sou die geleentheid ondersoek het met die oog op 'n moontlike latere vervolging.

Op die 11de November was u in kennis gestel deur Luitenant van Rensburg of ten minsteu was geroep gewees deur hom?---Dit is so. Ek het 'n ... ek het in my kar gewag by die Dollshouse in Louis Bothalaan, Johannesburg. Die vorige getuie self het waarnemingsdienste by die huis van die beskuldigde te 315 Cortlettlaan uitgevoer. Ongeveer 6 n.m. het ek 'n radioboodschap ontvang dat 'n blanke manspersoon met 'n 30

Volkswagen motorkar, T.J. 136212 die gemelde perseël verlaat het, en dat die persoon agter volg word; as gevolg van 'n latere radioboodskap het ek self aan die agtervolging begin deelneem en het ek hulle versoek om die persoon van die pad af te dwing. Ek het ongeveer drie minutelater self by die beskuldigde opgedaag. Ek het hom in Carolinestraat, naby diehoek van Stellastraat gevind, waar die vorige getuie en ander lede gewag het. Die beskuldigde het in die Volkswagen motorkar gesit. Hy het 'n pyp in sy mond gehad. Ek het na hom gestap en met hom gepraat. Hy het my nie geantwoord nie. Later 10 het die beskuldigde my met die hand gegroet, en ek het hom uit die motorkar uitgetrek, en hom na my kar geneem en terugge- neem na sy woning n Cortlettrylaan. Die beskuldigde se kar self was onder my toesig terugbestuur deur 'n ander lid van die mag, en was op die gemelde perseel by die agterdeur geparkeer. By die huis aangekom het die beskuldigde drie sleutels aan my oorhandig - een van die drie sleutels is Bewysstuk A.F. 3. Een van die drie sleutels sluit die voor- deur van die gemelde huis oop. Ons het die huis binnege- stap - eers die huis nagegaan - en daarna het ek die beskul- 20 digde versoek om saam met my na die slaapkamer te gaan en en die beskuldigde versoek om by my teenwoordig te wees ter- wyl ek die huis deursoek, wat hy dan ook gedoen het, en daar het ek beslag gelê op die volgende bewysstukke, Edel- agbare. Dit is Bewysstukke A.F. 23 tot 37 - dit was wat in die slaapkamer gevind was. A.F. 23 is 'n boekie, "The African Communist" wat op die bedkassie gevind is. A.F. 24 is 'n notaboekie met handtekeninge .. die handtekening Peter West.. P.West, verskoon tog, kom tweekeer daarop voor. En A.F. 25 is 'n stukkie papier met notas, wat op die spieël- 3

tafel gevind was. Daarop is in die beskuldigde se handskrif verskeie aantekening gemaak - ek sal net die opskrifte uit- lees, Edelagbare - "Charge Guilty. Charge Withdrawn, Not Guilty. Awaiting Appeals". Dit is al wat op die stukkie papier met die getalle voorkom. R10.00 in note wat tussen sy hempde(?) gevind is. In 'n trommel in die slaapkamer het ek die volgende gevind: A.F. 27 is 'n springtou...

MR. KENTRIDGE: My lord, I can perhaps again make it quite clear that there is no dispute that the man arrested by Captain Broodryk - there is no dispute about that. 10

VERHOOR DEUR MNR. LIEBENBERG (Vervolg):

Sal u dan net verwys na die dokumente.---Ja. Nadat ek die slaapkamer deursoek het was die beskuldigde na sy studeerkamer geneem waar ek later sy persoon deursoek het en in die regtorsak van sy sportbaadjie het ek 'n lugpos- brief en 'n koevert - Bewysstuk A.F.1 - gevind wat ge- adresseer is aan S. Houston, 13 Holy Cross Avenue, London. Die brief was getik en is in kodeskrif, Edelagbare. Dan in die lessenaarlaai in die studeerkamer het ek 'n Bewysstuk 20 gekry - A.F. 38 - dit is 'n Hermes tikmasjien. In die laaie van die lessenaar - die boonste twee laaie was gesluit. Daar het ek Bewysstuk 39 en 40 gevind. Dit is 'n persoons- kaart in die naam van D. Black en Bewysstuk A.F. 40 is 'n bestuurderslisensie nommer 887 in die naam van mnr. Black. Douglas Black. In die lessenaarlaai was ook verskeie notaboekies en goed gevind. Onder andere het ek ook kontant gevind ten bedrae van R250.00 en R160 kontant. Byvoorbeeld op bewysstuk A.F. 72 - 'n depositostrook - kom die hand- tekening C. Thompson voor. Daarna het ek die badkamer en ook sy eetkamer deursoek. Daarna het onsnadie agterplaas 30

gegaan en die motorkar van die beskuldigde deursoek. Daar was.. ek het beslag gelê op die motorkar - dit is A.F. 170 - en in die kar, Edelagbare, was daar dokumente gevind A.F.5 tot A.F. 23.. 22. A.F. 5 is 'n dokument getitel "Discussion Statement(?)" en dit is gedateer 24/8/1965. Dit is 'n getikte dokument. A.F. 6 is ook getik en is "Notes on the Experiences of our Portuguese Branch". Dit is dateer 12 Julie 1965. A.F. 7 is ook 'n getikte dokument "Note on Discipline and Training". Die dokument is nie gedateer nie. Bewysstuk A.F.8 is 'n brief wat gerig was gedateer 10 9 November 1965, agterna in hakkies (2), is gerig aan "Dear Kim". Dit is 'n kodebrief en in die koevert was daar 'n opsomming tot die kode, Edelagbare. A.F. 9 is 'n lugposkoevert, en 'n brief wat gerig isaan "Dear Kim". Die brief is weer gedeeltelik in kode. Hy is gedateer - getik 11 November 1965, weer agterna in hakkies (2). Die 11 is deurgekrap en met rooi verander na 9 toe. Hy is onderteken deur "Paulus". A.F. 10 is 'n groot bruin koevert waarin al die dokumente in die kar gevind was. A.F.11 is 'n geskrewe dokument in drukskrif, getitel "Little Lenin Library". 20 Bewysstuk A.F.12 is 'n lugpos koevert met 'n lys van name - 'n adreslys waar 'n verskillende lys van name van persone met hulle adres op verskyn. A.F. 13 is 'n getikte dokument "Southern Industries Limited" - die dokument is bo aan die regterkantste hoek staan dit geskryf 25.6. en dit lyk soos "From Tim". A.F. 14 is 'n lugpos koevert wat gemerk is met die letters B.K.S. dan P.O.R.T. en dan D.U.S.C. en dan S. Industries. Dit is 'n lugpos koevert. A.F. 15 is 'n getikte dokument "Problems and (?) Discussion Statement". Die dokument is nie gedateer nie. Bewysstuk A.F. 16 is 30

(?) Anti-Imperialist Forces and an Appeal from the Central Committee of the South African Communist Party". Die dokument is nie gedateer nie. Verskoon tog, aan die einde staan Julie, 1, 1965. Bewysstuk A.F. 23 - dan kom ons by ander bewysstukke wat blykbaar niemoet u van belang is nie, waarop ek beslag gelê het. Bewysstuk A.F. 24 is 'n nota-boekie waarop die handtekening van P. West verskyn. Bladsy 2 van die nota-boekie kom die handtekening P. West tweekeer voor. A.F. 23 is die "African Communist" wat ek in die slaapkamer van die beskuldigde gevind het. Ek het ge- 10  
vind die boekie .. nagegaan en gevind dat die een dokument "Problems and Prospective Discussion Statement" - die boekie oorgedruk is en wel op bladsye 5 tot 12. Die ander dokument "(?) Rally and Unite Anti-Imperialist Forces" Bewysstuk A.F. 16 het ek nagegaan en ek het dit ook vergelyk met die "African Communist" en gevind dat dié woordeliks in die African Communist verskyn en wel op bladsye 101 tot 105. Ek het gevind dat in hierdie dokument "Problems and Prospective Discussion Statement", op bladsy 4 word daar onder 20  
andere gepraat van "The Recent (?) Bus Boicot". Deur my ondersoek dra ek kennis van die sogenaamde bus boicot, wat gedurende Mei verlede jaar teen die <sup>Steeldale</sup> (?) Bus Services gemik was nadat die gemelde maatskappy hulle busfooie met  $\frac{1}{2}$  sent verhoof het tussen Jeppe en Steeldale. Nadat ek die huis en die kar deursoek het, Edelagbare, het ek die beskuldigde teruggeneem. was die beskuldigde na die veiligheidshoofkantoor in Pretoria geneem waar daar fotos van hom geneem was - dit is Bewysstuk A.F. 171. Daarna was hy na die Sentrale gevangenis geneem. Op die 8ste November - daardie Maandag - was mev. Weinberg aangehou. Op die 8ste November, 30

Edelagbare, het 'n blanke vrou, mev. Weinberg, by haar werk, by Overland Wholesalers, op die hoeke van Troye en Markstrate, Johannesburg, ingevolge die bepalings van artikel 215 (bis) - dit is die sogenaamde 180 dae - is sy aangehou. Ek het haar ook na Pretoria geneem en op die 17de November het ek haar weer van Pretoria teruggenaem na haar huis in Plantationweg, Johannesburg. By die huis aangekom het sy my na die slaapkamer geneem en in die regterkantste hoek van die slaapkamer het sy 'n valdeur uitgewys wat mooi in die vloer inpas. Onder die slaapkamer is daar 'n hoogte van ongeveer 10 twee en 'n half voet. Nadat die valdeur verwyder was het ek daar ingeklim en 'n Royal Tikmasjien, en twee boeke wat in 'n plastiese sak was onder die vloer uit verwyder. Daarna het sy drie ander boeke, wat sy uit die boekrak gehaal het, ook aan my oorhandig, en 'n rapport aan my gemaak.

Dit is nie van belangnie. Het u melding gemaak van die Smith Corona tikmasjien?--- Die een tikmasjien was in die kar gevind, en die een tikmasjien in sy studeerkamer.

Nou, A.F. 62, 'n brief aan Beyers Naude - waar het u dit gekry?---Edelagbare, dié brief het ek van 'n geheime kontak in die stad ontvang. 20

U het 'n afskrif gemaak?---Ek het 'n afskrif gemaak daarvan...

En die oorspronklike...?---En die oorspronklike wat gedateer was 12 April 1965 weer aan die kontak teruggehandig.

En het jy al daardie nota boekeingehandig?---Nee, daar was verskeie bougenootskapboekies..

Nee, ek bedoel notaboekies?---5. Daar is 'n.. daar was 5 of 6 gewees. Dit is Bewysstuk A.F. 183 - dit is 30

'n notaboekie waar daar verskeie aantekening op gemaak was. Die was in die huis gevind gewees.

En A.F. 41? 'n Skryfboek met notas.---Dit is 'n lugpos skryfboek met notas. Dit is A.F. 41, Edelagbare. En die boek - daarin is verskeie aantekeninge gemaak.

En net kortliks, kan u sê of.. die notas in A.F. 41 - of u dit met enige van die dokumente vergelyk het? As u dit nie gedoen het nie sê maar net so! Het u...?--- Edelagbare, die uitgewerkte.. die monster wat later of in die African Communist of in ander van die dokumente oorge- 10 druk is.. ek is nou net nie seker waar dit verskynnie.

U handig al die dokumente wat u na verwys het in? Ook die tikmasjien?---Ditis, so, Edelagbare.

MNR. LIEBENBERG: Geen verdere vrae.

KRUIS-VERHOOR DEUR MNR. KENTRIDGE:

Kaptein Broodryk, u het gesê dat toe mnr. Fischer op borg uit was, het hy verdwyn?---Dit is so.

Die borg was R10,000?---Dit is korrek.

U het geweet dit is deur 'n sekere prokureur verkaf?---Hy was in die hof teenwoordig gewees, Edele. 20

En u is seker bewus daarvan dat mnr. Fischer elke sent daarvan aan die prokureur terugbetaal het?---Ek was later meegedeel dat dit so is, Edelagbare.

U het ook gesê dat die polisie die grense .. by die grense op patrollie was in verband met die verdwyning van mnr. Fischer?---Dit is korrek, Edelagbare.

Daardie brief wat mnr. Fischer aan mnr. Hanson geskryf het, waarvan u melding gemaak het, dit is duidelik daar gesê dat mnr. Fischer nie van plan was om die land te verlaat nie, nie waar nie?---Ja, dit is wat hy in die brief 30

sê, Edelagbare.

En waar het u hom gevind, in die land?---In Johannesburg, Edelagbare.

MR. KENTRIDGE: My lord, I have got no further questions to ask this witness, but I would just like to again get clear from my learned friend the situation with regard to the exhibits handed in. My lord, with records of printed exhibits or typed exhibits, I have arranged with my learned friend that he need not read them out - we will take them as read. However, the notebooks are in a somewhat different situation - we don't have copies of all the notebooks. I think if my learned friend could at this stage, so that we can deal with it in our case, indicate what it is in these notebooks which he is relying on.

(Continues addressing the Court on this aspect).

MR. LIEBENBERG, submits that the drafts of the articles, in Exhibit A.F. 16 and Problems of conspirators, were worked out in A.F. 41, and it is not really practicable to read them out. (Counsel continue to discuss matter).

MR. KENTRIDGE: No further questions. 20

MR. LIEBENBERG: No questions.

---

MR. LIEBENBERG: I then proceed to deal with the admissions, which my learned friends are prepared to make in this case. May I hand in the list of the admissions which my learned friends are making in terms of Section 284(1) concerning the depositions of witnesses who testified at the preparatory examination. This document will show the name of the witnesses and the page numbers where they testified in the preparatory examination. I don't know whether I should 30

read out the names of these persons?

BY THE COURT: They are on the list. Should we give this list an exhibit number?---

MR. LIEBENBERG: Yes, A.F. 211. My learned friends are agreed to the dispensing of the reading of these depositions, my lord. Then my learned friends are also also prepared to admit that unlawful explosions took place at the following buildings at the following dates: on the following dates: Vrededorp Post office on the 14th of June, 1964. Pimville Post Office on the 2nd July, 1964. Dube and Jabavu Post 10 Offices on the 19th of September 1964. Then my learned friends admit that the following documents contained the handwriting of the accused. I am afraid the numbers of the exhibits are not in numerical order - if I may just read them as I have them here. A.F. 101, 106, 108, 110, 117(a), 120, 121, 122, 123, 126, 127, 151, 162, 163, 182, 185, 186, 183, 72, up to 78, 67 up to 71, 41, 80, 82 and 85.

MR. KENTRIDGE: My lord, I should make it dear in terms of the written admission I gave my learned friend that it is admitted that those documents contain the handwriting of the 20 accused. If one examines the documents one will see that in many of them there are other writings also, for example some of these bank or building society documents but on each of those documents the handwriting of the accused appears in some part or another. My lord, there is another admissions which I am prepared to make to save the calling of a witness, and that is that the document exhibit A.F. 5, it is called "Draft Discussion Statement", was typed on the Hermes typewriter found in the possession of the accused.

MR. LIEBENBERG: My lord, that more or less.. concludes the 30

evidence which the State intends presenting in this case. I would not like to close the state case formally. I would like to investigate certain aspects in relation to these documents and these admissions which my learned friend has made, so if I may be permitted to close the case for the State on Monday? I have no evidence further today. My learned friend has indicated that he wants to apply for a postponement of the case until Monday, so if I may be allowed them to close the case for the State on Monday morning?

BY THE COURT: You are suggesting a formal remand at the 10 moment? Any objections, Mr. Kentridge?

MR. KENTRIDGE: No, my lord, it will be convenient to the Defence, and I associate myself with the application.

BY THE COURT: The case will stand over until Monday.

THE COURT ADJOURNS UNTIL MONDAY.

---

**Collection Number: AK2411**

**Collection Name: STATE vs ABRAM FISCHER, 1966**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* Historical Papers Research Archive

*Location:* Johannesburg

©2015

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.